# DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

## *Nuusbrief*

GROEI en DIEN

22 Julie 2022

## VOORWOORD

Baie welkom terug aan elke Wonnie en Wonnie personeellid. Mag hierdie kwartaal vir elkeen verbonde aan die skool geseënd en voorspoedig wees. Baie sterkte aan ons matrikulante wat nou die laaste kwartaal van formele onderrig in hulle skoolloopbaan betree. Ons bid vir elke Wonnie kalmte, selfbeheersing en 'n sterk gefokusde benadering tot hul skoolwerk toe. Sterkte aan die rugbyspanne wat hierdie naweek in die uitspele betrokke is om te kwalifiseer vir die Noord-Vaal trofee.



Dan is dit ook nou sagtebal-, rugby 7's-, krieket-, landloop-, en fietsryseisoen, propvol ligabyeenkomste. Ons wens alle voornemende deelnemers 'n baie genotvolle seisoen toe.

**INHOUD:**


VOORWOORD

RAPPORT VERSKONING

SOSIALE MEDIA

VERWELKOMING

GRAAD 7 AANLYNAANSOEKE

VAKKEUSES—GRAAD 9

RAPPORTE

SPORT & KULTUUR

GIMNASUIMTYE

ANDER

LIEF EN LEED

# RAPPORT KOERANT

## VERKEERDE BERIGGEWING

Daar het Sondag 17 Julie 2022 ‘n berig in Rapport verskyn waarin die onregmatige afdanking van ‘n onderwyser a.g.v. beweerde rassisme aan die Hoërskool Wonderboom gekoppel is. Die korrekte inligting is egter dat die onderwyser in die diens van Hoërskool Montana was en nié Hoërskool Wonderboom nie. Aangesien verkeerde beriggewing soos hierdie baie skadelik vir ‘n skool kan wees, vra ons dat ouers by navraag hieroor die korrekte inligting sal verskaf. ‘n Apologie aan die skool sal ook sondag 24 Julie 2022 in Rapport verskyn.

# SOSIALE MEDIA

## ONWETTIGE SOSIALE MEDIA REKENINGE

Die skool is besig met ‘n ondersoek na ‘n Instagram-rekening wat geskep is met die onregmatige gebruik van die skool se wapen. Op die rekening  is uiters onvanpaste bewerings van sommige leerders in die skool gemaak en ons is bewus daarvan dat sommige ouers reeds speurders aangestel het om die skuldiges vas te trek. Ons ondersoek toon voorlopig dat die rekening geskep is deur iemand wat nie aan die skool verbonde is nie. Dit wil egter voorkom of sommige leerders van die skool wel plasings op die blad gemaak het. Indien die bewyse hiervoor bevestig word, sal daar volgens die skool se gedragskode en die wet teen die betrokkenes opgetree word. Ons herinner ouers dat hulle volgens wet aanspreeklik is, omdat die fone waarop hierdie rekeninge geskep word op die ouers se name deur die Rica-proses aan die toestel verbind word.

## GRAAD 8– AANLYNAANSOEKE VIR 2023:

Graad 8-aanlynaansoeke open op 22 Julie 2022 en sluit op 19 Augustus 2022. Besoek www.gdeadmissions.gov.za, stuur 'n Whatsapp boodskap na 060 891 0361 of skakel 0800 000 789 om u kind aanlyn in te skryf.



## VAKKEUSES – GRAAD 9:

'n Graad 9 Vakkeuse-Inligtingsaand skep die geleentheid aan ouers om meer duidelikheid te kry oor die vakkeuses wat hul kind in Graad 9 moet uitoefen. Leerders besef nie altyd op hierdie vroeë ouderdom die groot implikasie wat hierdie vakkeuses op hul toekomstige loopbaankeuses uitoefen nie. Daar is dikwels ook baie onkunde rondom die inhoudelike van die vakke en hoe om die korrekte keuse te maak. Ten einde u as ouer en die leerder te help om 'n realistiese en weldeurdagte keuse te maak, bied Die Hoërskool Wonderboom op 2 Augustus 2022 om 18:00 'n Vakkeuse-Inligtingsaand aan.

## RAPPORTE:

Graad 12-leerders het reeds Donderdag, 21 Julie 2022, hul rapporte ontvang. Graad 8-11 rapporte is vandag, 22 Julie 2022, uitgestuur.

## NETBAL:



### NETBAL PRESTASIE

Masego hou die Wonnie naam hoog! Baie geluk aan Masego Seleka wat verkies is tot die Top-35 SA o/16 Netbalspan.

# #Wonnietrots

## WOLKSKOOL:

Die Wolkskool-gebruik deur leerders het die afgelope kwartaal 'n mooi groei getoon. Ons herinner die ouers daaraan dat leerders gratis toegang tot die wolkskool het. Moedig hulle asseblief aan om van die diens gebruik te maak, aangesien leerders wat gereeld die lesse kyk, verbetering in hulle puntegemiddelde toon.

*Wonnie getalle styg!*




Die WOLKSKOOL

# DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

GROEI en DIEN

# DIE BEHOEFTIGE-FONDS GHOLFDAG

16 SEPTEMBER 2022 AKASIA GHOLFBAAN

CARL@WONNIES.CO.ZA | RUGBY@WONNIES.CO.ZA

# DIE BEHOEFTIGE-FONDS GHOLFDAG

GROEI en DIEN

## 16 SEPTEMBER 2022 AKASIA GHOLFBAAN

## BESONDERHEDE:

| | |
|---|---|
| **Vier-bal**<br>Sluit 18 gate en 'n ete in (sonder 'n gholfkarretjie) | R 2000 |
| **Enkelspeler**<br>Sluit 18 gate en 'n ete in (sonder 'n gholfkarretjie) | R 500 |
| **Putjieborg opsie 1**<br>Sluit 'n uitstalling by 'n bof, Gratis vier-bal en 'n ete in. (sonder 'n gholfkarretjie) | R 4000 |
| **Putjieborg opsie 2**<br>Sluit 'n uitstalling by 'n bof en 'n Gratis ete in. (sonder 'n gholfkarretjie) | R 3000 |
| **Hoofborg**<br>Sluit in naam, adverteerregte, 'n vier-bal en advertensiespasie by die skool in (sonder 'n gholfkarretjie) | R 12 000 |

**Gholfkarretjies**

Moet self bespreek word by die gholfbaan.

---

Die Hoërskool Wonderboom glo dat die woord "omgee" , wanneer dit met opset gebruik word, innoverende en effektiewe oplossings bied vir die mees komplekse kwessies van ons tyd. Dit is 'n kragtige en unieke woord wat verdeeldheid kan oorbrug en 'n meer inklusiewe, vreedsame en welvarende samelewing kan bevorder. Dus het dit die Hoërskool Wonderboom geneem na die onstaan van die behoeftigefonds Gholfdag. Alle gelde en donasies wat hierdie dag ingesamel word, gaan uit en uit vir die behoeftige Wonnies in ons gemeenskap.

## KALEIDOSKOOP:

WONNIE KALEIDOSKOOP

*Kunswedstryd*

BELANGRIKE DATUMS:

25 JULIE 2022 - ALLE INSKRYWINGS SLUIT

1 AUGUSTUS 2022 - INHANDIGING AFRIKAANSE SKRYFWERK

- INHANDIGING ENGELSE SKRYFWERK
- INHANDIGING FOTOGRAFIE

3 AUGUSTUS 2022 - INHANDIGING KUNS

4 AUGUSTUS 2022 - PUBLIC SPEAKING 14:15 IN O23

12 AUGUSTUS 2022- DANS 14:15 IN OLIENKROONSAAL

15 AUGUSTUS 2022- REDENAARS(INTERHUIS) 14:15 PERSONEELKAMER

16 AUGUSTUS 2022- DRAMA 14:15 WBW TEATER

17 AUGUSTUS 2022- INSTRUMENTAAL 14:15 O3

18 AUGUSTUS 2022- VOKAAL 14:15 WONDERBOOMSAAL

22 AUGUSTUS 2022- KOEKVERSIERING 14:15 O54



## WONDERLIG:

# Wonderlig Groepprogram

*Lig verdryf duisternis*

Die Gr. 8-leerders kry hierdie kwartaal `n beurt om deel te wees van ons unieke groepprogram onder leiding van Me Mariëtte Fourie. Die omsendbriewe is reeds uitgestuur. Ons begin volgende week Woensdag, 27 Julie, met die eerste sessie. Leerders wat wil inskryf daarvoor se afskeurstrokies moet terugontvang word voor of op die 22e Julie.

Die program bestaan uit 9 sessies wat elke Woensdag aangebied word vir 9 weke. Leerders kan kies tussen die oggend- of middagsessie. Die oggendsessie begin 6:15 tot 7:45 en die middagsessie direk na skool tot 15:30 Die program word gratis aangebied, maar daar is plek vir net 40 leerders, 20 per groep.

***Johannes 8:12 "Ek is die lig die wêreld. Wie my volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."***

## VERWELKOMING:

Sterkte

### INVORDERAAR & BEMARKINGSBESTUURDER



Me. Michelle Pieterse is die Wonnies se nuwe invorderaar. Wonnies verwelkom u hartlik en wens u sterkte toe met die belangrike taak. Me. Pieterse kan gekontak word by

invorderaar@wonnies.co.za



Die Wonnies is opgewonde om me. Leona Coetzee as Bemarkingbestuurder hier by die Wonnie-span te verwelkom. Ons hoop dat juffrou se hart sommer vining groen, Wonnie-groen gaan klop. Me. Coetzee kan gekontak word by bemarking@wonnies.co.za.

## BEGIN DATUMS VIR KWARTAAL 3:

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22<br>Rapporte na leerders<br><br>Gr8 (2023) aanlyn-aansoeke open |
| 25 | 26<br>Sagtebal Interhuis | 27<br>Landloop: Liga | 28 | 28 |

## LIEF EN LEED:

Ons hart gaan uit na een van ons Wonnies, Nelly Mthombeni, met die afsterwe van haar vader.



## KRIEKET:

# KRIEKET 2022

**AFRIGTERS**

**O14 : Mnr B Odendaal & buite-afrigter**

Oefendae : Maandae & Woensdae 14:15 – 15:30

Wedstryde : Dinsdae 20 beurte

**O15 : Mnr E Jordaan & Mnr J Rossouw**

Oefendae : Maandae & Woensdae 14:15 – 15:30

Wedstryde : Donderdae 20 beurte

**Seniors (eerstespan & tweedespan) : Mnr E Jordaan, Mnr C Schmahl & Mnr R Meyer**

Oefendae : Maandae, Dinsdae & Donderdae 14:15 – 16:00

Wedstryd dae:

Tweedespan : Maandae 20 beurte

Eerstespan : Saterdae 50 beurte

## LANDLOOP:

# LIGADATUMS 2022

Liga 1: Prestige College 27 Julie
Liga 2: Eldoraigne Hoërskool 3 Aug
Liga 3:Midstream College 10 Aug
Liga 4:Waterkloof Hoërskool 2 km Relay 17 Aug
Liga 5: Pretoria Boys High 2 km Dash 31 Aug

## GIMNASIUMTYE:

*25 Julie 2022 – 02 September 2022*

**Maandag**
06:00-07:00 Almal
14:00-15:00 Sagtebal
15:00-16:00 Netbal & Hokkie

**Dinsdag**
06:00-07:00 Almal
14:00-15:00 Atletiek, Fietsry & Swem
15:00-16:00 Krieket & Rugby

**Woensdag**
06:00-07:00 Almal
14:00-15:00 Sagtebal
15:00-16:00 Netbal & Hokkie

**Donderdag**
06:00-07:00 Almal
14:00-15:00 Atletiek, Fietsry & Swem
15:00-16:00 Krieket & Rugby

**Vrydag**
06:00-07:00 Almal

## AFWESIGHEDE

Die sms-stesel wat daagliks afwesighede aan ouers stuur, sal vanaf Maandag 25 Julie 2022 weer uitgaan, nadat ‘n fout in die stelsel opgespoor is.

Vriendelike groete



Mnr. M Lezar
Skoolhoof